

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA  
(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

HOOGGEREGSHOFVERWYSINGSNO.: 5574/95  
SAAKNO.: B773/95  
LANDDROS SE REEKSNO.: 203/95

In die saak van:

DIE STAAT

teen

SELWYN JULIES

---

HERSIENINGSUITSPRAAK GELEWER OP 14<sup>DE</sup> FEBRUARIE 1996

---

Thring, R.:

In die landdroshof, Paarl, het die beskuldigde op 'n hoofaanklag tereggestaan van 'n oortreding van artikel 5(b), gelees met, onder andere, artikel 21 van die Wet op Dwelmiddels en Dwelmsmokkelary, No. 140 van 1992 (waarna ek as na "die Wet" sal verwys). In die klagstaat word beweer dat die beskuldigde in 'n gevaarlike of ongewenste afhanklikheidsvormende stof, te wete, drie metakoloon-

tablette en 26 stoppe dagga, wederregtelik handel gedryf het. In die alternatief is die beskuldigde van 'n oortreding van artikel 4(b) van die Wet aangekla, deurdats hy na bewering die gemelde drie metakoloon-tablette en 26 stoppe dagga gebruik of in sy besit gehad het. Op hierdie aanklagte het die beskuldigde aan besit van die dagga alleen skuldig gepleit. Hierdie pleit was nie vir die staat aanvaarbaar nie, en die verhoor is dus op die basis voortgesit dat die beskuldigde op al die aanklagte onskuldig gepleit het. Die beskuldigde was onverteengewoordig. Die getuienis van twee lede van die S.A. Polisie diens is namens die staat gelei, en die beskuldigde het daarna in sy eie verdediging getuig. Die landdros het die beskuldigde aan die hoofaanklag skuldig bevind, nadat hy tot die gevolgtrekking gekom het dat hy in drie tablette bevattende metakoloon handel gedryf het. Wat die 26 stoppe dagga betref het die landdros blykbaar geen skuldigbevinding ingebring nie, maar dit is vir huidige doeleindes nie van belang nie.

Die beskuldigde is toe gevonniss tot 'n boete van R500 of drie maande gevangenisstraf, en ook tot 'n verdere ses maande gevangenisstraf wat vir vyf jaar op sekere voorwaardes opgeskort is. Daarna is die beskuldigde op sy

eie versoek verlof deur die landdros verleen om die boete teen R150 per maand af te betaal. Blykbaar het hy egter versuim om een of meer van die paaiemente te betaal, en 'n lasbrief vir sy arrestasie is daarna uitgereik. Of hy ooit daarna gearresteer is, blyk nie uit die rekord nie.

In die loop van sy uitspraak oor skuldigbevinding het die landdros, na my mening, heeltemal tereg, kommer uitgespreek na aanleiding van die beslissing van hierdie Hof in S v Bhulwana, 1994(2) SASV 706(K). Daardie saak het oor die vermoede in verband met dagga gegaan wat deur artikel 21(1)(a)(i) van die Wet geskep is. Die saak is deur hierdie Hof na die Konstitusionele Hof verwys, wat onlangs beslis het dat die betrokke vermoede onversoenbaar is met die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, No. 200 van 1993 (waarna ek as "die Grondwet" sal verwys). Die Konstitusionele Hof het verklaar dat die tersaaklike bepalings van die Wet (artikel 21(1)(a)(i) en die woorde "dagga of" in artikel 21(1)(a)) vanaf die datum van die sy uitspraak (29 November 1995) ongeldig en van geen krag of toepassing is nie: sien S v Bhulwana: S v Gwadiso, 1996(1) SA 388(KH) op 400D-E.

In die onderhawige saak, wat tans voor my op

hersiening dien, het ek my beslissing agterweë gehou totdat die beslissing van die Konstitusionele Hof in Bhulwana se saak, supra, bekend gemaak sou word, in die verwagting dat die Konstitusionele Hof se beslissing dalk ook op die onderhawige saak van toepassing sou wees. Nou dat die Konstitusionele Hof se beslissing uitgebring is, is ek egter tevrede dat dit nie die geval is nie, aangesien daar in die Bhulwana saak met 'n ander vermoede gehandel is as dié wat in die onderhawige saak ter sake is, en die bevel van die Konstitusionele Hof daartoe beperk was.

Myns insiens is daar geen fout te vind met die landdros se feitlike bevinding dat die beskuldigde in die onderhawige saak op die betrokke dag (19 Mei 1995) deur die polisie in besit van, o.a. drie sogenaamde mandrax tablette gevind is nie. Wat die tablette betref, is dit so ver soos wat die getuienis strek. Die landdros het die beskuldigde aan handel dryf in die betrokke tablette skuldig bevind bloot op sterkte van die vermoede wat in artikel 21(1)(a)(iii) van die Wet bevat word. Dit lees:

"Indien daar by die vervolging van iemand weens 'n misdryf bedoel-

(a) in artikel 13(f) bewys word dat die beskuldigde-

- (i) ...
- (ii) ...
- (iii) in besit van 'n ongewenste afhanklikheidsvormende stof, uitgesonderd dagga, gevind is, word vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat die beskuldigde in sodanige dagga of stof handel gedryf het;"

By wyse van 'n beëdigde verklaring is daar bewys dat die betrokke tablette metakoloon bevat het, wat 'n ongewenste afhanklikheidsvormende stof is, soos in die Wet omskryf. Sonder hierdie vermoede was daar onvoldoende getuienis voor die Hof om 'n skuldigbevinding van die beskuldigde aan die hoofaanklag, wat die tablette betref, te geregverdig het. Dus, net soos wat die geval in die Bhulwana saak was, is die regverdigbaarheid van die skuldigbevinding van die geldigheid van 'n vermoede in die Wet afhanklik.

Artikel 25(3)(c) van die Grondwet bepaal soos volg:

"Elke beskuldigde het die reg op 'n billike verhoor, waarby inbegrepe is die reg-

- (a) ...
- (b) ...
- (c) om onskuldig geag te word en om te swyg tydens pleitverrigtinge of verhoor en om nie tydens verhoor te getuig nie;"

Myns insiens is daar, op die oog af, goeie redes om te glo dat die vermoede wat deur artikel 21(1)(a)(iii) van die Wet geskep is, net soos dié in artikel 21(1)(a)(i) daarvan bevat, met die bepalings van artikel 25(3)(c) van die Grondwet onversoenbaar is. Dit lyk ook vir my dat die beperkings op die vermoede van onskuld wat deur artikel 21(1)(a)(iii) van die Wet bewerkstellig word, nie ingevolge artikel 33(1) van die Grondwet geregverdig kan word nie. In hierdie verband stem ek met eerbied saam met wat Marais, R., soos hy destyds was, in S v Bhulwana (K) supra op 708(a) tot 709(b) in verband met die vermoede oor dagga gesê het.

Hierdie Hof het nie die bevoegdheid om te beslis of die betrokke vermoede grondwetlik bestaanbaar is, al dan nie: sien artikel 98(2)(c) en (3) van die Grondwet. Na my mening is dit om voor-die-hand-liggende redes in die belang van geregtigheid dat die grondwetlike bestaanbaarheid van die vermoede wat hier te sake is so spoedig doenlik beslis moet word: die vryheid van landsburgers word dwarsdeur die land aanhoudend deur hierdie bepaling in potensiële gevaar geplaas.

Gevolgtlik moet die vraag of die vermoede wat in artikel 21(1)(a)(iii) van die Wet bevat word, grondwetlik bestaanbaar is, al dan nie, na die Konstitusionele Hof verwys word, om deur daardie Hof oorweeg en beslis te word. Sou die Konstitusionele Hof beslis dat die vermoede wel ongeldig is, sōu die skuldigbevinding van die beskuldigde aan die hoofaanklag ter syde gestel moet word, en met 'n skuldigbevinding aan die alternatiewe aanklag vervang moet word, met 'n gepaste wysiging van die vonnis.

Die volgende bevel word dus gemaak:

- (1) Ingevolge die bepalings van artikel 102(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, No. 200 van 1993, word die vraag of die bepalings van artikel 21(1)(a)(iii) van die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary, No. 140 van 1992, grondwetlik bestaanbaar is, al dan nie, na die Konstitusionele Hof vir sy oorweging en beslissing verwys.
  
- (2) Ingevolge die bepalings van artikel 102(2) van die Grondwet, word die onderhawige hersieningsverrigtinge voor hierdie Hof opgeskort hangende die beslissing van die Konstitusionele Hof.

(3) Ingevolge Rëel 22(3) van die Reëls van die Konstitusionele Hof word die Griffier van hierdie Hof aangesê om die volgende gedeeltes van die rekord van die saak saam te stel en aan die Griffier van die Konstitusionele Hof te stuur:

- (a) Die klagstaat en aanhangsels daartoe;
- (b) die landdros se uitspraak oor skuldigbevinding (bl.35-43 van die rekord);
- (c) die landdros se uitspraak oor vonnis (bl. 47-50);
- (d) hierdie uitspraak.



THRING, R.

Ek stem saam.



VAN REENEN, R.